

INVLOEDRYK [Week 2]

VIR ANDER

WAARVOOR BESTAAN DIE KERK? Nie vir onself nie.

DIT GAAN NIE OOR MY NIE.

Nie omdat **ek nie belangrik is nie**, maar omdat **Jesus nie vir my die middelpunt van Sy Koninkryk gemaak het nie**.

Dit is 'n baie belangrike onderskeid. Want mense hoor maklik: “Jy moet jouself minder waardeer.” Maar dit is nie die Goeie Nuus van God se genade nie. Die Goeie Nuus van God se genade sê:

Jy is ongelooflik kosbaar vir God — en juis daarom hoef jy nie jou lewe rondom jouself te bou nie.

Wanneer ek weet ek is geliefd, hoef ek nie meer alles volgens **my smaak, my gemak, my voorkeur, my mense, my behoefte** te organiseer nie.

1. DIE KERK SE “EK”

Ek wil my tipe musiek hê.

Ek wil my tipe aanbidding hê.

Ek wil my tipe mense hê.

Ek wil hê die diens moet my aanspreek.

Ek wil hê die preek moet relevant wees vir my.

Ek wil gemaklik voel.

Ek wil verstaan.

Ek wil hê dinge moet wees soos ek daarvan hou.

Wanneer “wat wil ek hê?” die belangrikste vraag in my geloofslewe word, het ek dalk nie opgehou kerk toe gaan nie — maar ek het begin glo dat die kerk om my bestaan.

2. DIE GROTER PROBLEEM: EKKIGHEID

Die wêreld se algoritme leer my: “**Jy is die middelpunt.**”

Klik op wat jy daarvan hou. Kyk na wat jy wil kyk. Volg mense wat soos jy dink. Kry inhoud waarvan jy hou. Ontvolg wat jou irriteer.

Mettertyd word my wêreld kleiner — en my eie opinie groter - En dan dra ek dieselfde algoritme die kerk binne. **Ons begin selfs God se huis volgens ons eie voorkeure orden.**

Wie het jou geleer dat alles wat jou ongemaklik maak, verkeerd is?

Want dit is waar **vooroordeel en kieskeurigheid** inkom.

3. DIE REGTE TOETS IS: WIE IS “DIE ANDER”?

Kom ons laat Jesus se lewe die gesprek lei.

Jesus beweeg voortdurend na mense toe wat ander mense vermy het.

Die tollenaar. Die melaatse. Die sondaar. Die vrou wat almal geken het. Die mense wat godsdienstige mense as onwaardig beskou het.

En dan selfs Sy eie mense:

Petrus — die een wat Hom verloën het.

Thomas — die een wat getwyfel het.

Jesus se kring was nie gebou rondom: **“Mense waarvan ek hou.”**

Dit was gebou rondom: **“Mense vir wie Ek gekom het.”**

4. LUKAS 15 – die ouer broer

Want die gevaar van Week 2 is dat almal dink: “Ja, ons moet vriendelik wees met buitestaanders.”

Maar Jesus praat in Lukas 15 met **godsdienstige mense** wat ongemaklik is omdat Jesus mense ontvang wat hulle nie sou ontvang nie.

Die probleem is nie dat die verlore seun huis toe kom nie - die probleem is dat die **ouer broer nie van die Vader se genade hou nie.**

Kan ek lief wees vir die mense vir wie Jesus lief is — selfs wanneer ek nie van hulle keuses, leefstyl, persoonlikheid of agtergrond hou nie?

Genade beteken nie ek keur alles goed nie. Genade beteken ek hou op om myself die regter van iemand se waarde te maak.

5. “DIT GAAN NIE OOR JOU NIE”

Dalk hier die gehoor vra om saam te Antwoord?????

Ons vra: Hoe voel ek?

Jesus vra: **Wie het My nou nodig?**

Ons vra: **Wat wil ek hê?**

Jesus vra: **Wat wil die Vader hê?**

Ons vra: **Wie is my mense?**

Jesus vra: **Wie is die mens voor jou?**

Ons vra: **Wat kry ek hieruit?**

Jesus vra: **Wat kan Ek deur jou gee?**

Ons vra: **Wie verdien dit?**

Jesus vra: **Wie het genade nodig?**

Dáár begin **INVLOEDRYK** word.

6. OORGAWES IS DIE OPLOSSING

Here, dit gaan nie oor hoe ék voel nie. Dit gaan oor wat U sê.

Dit gaan nie oor wat ék nodig het nie. Dit gaan oor wat U wil doen.

Dit gaan nie oor wat ék dink nie. Dit gaan oor wat U reeds gesê het.

Dit gaan nie oor my voorkeur nie. Dit gaan oor U Koninkryk.

Dit gaan nie oor my mense nie. Dit gaan oor die mense wat U liefhet.

Nie my wil nie, maar U wil.

Nie my pad nie, maar U pad.

Nie myself in die middelpunt nie, maar Jesus.

William Temple

“The Church is the only society that exists for the benefit of those who are not its members.”

As Dei Gratia môre ophou bestaan — wie sal dit buite ons geboue mis?

Nie: **“Hoeveel mense kom?”** maar: **“Wie se lewe is anders omdat ons hier is?”**

Daarom wil ons Invloedryk lewe!

Visualiseer ons eie tafels en kringe:

My huis.

My familie.

My werk.

My straat.

My sport.

My vriendekring.

My skool.

My besigheid.

My WhatsApp-groepe.

My gemeenskap.

God het jou nie hier geplaas sodat jy net mense moet vind waarvan jy hou nie. Hy het jou hier geplaas sodat mense Hom deur jou kan ontmoet en ek en jy Invloedryk kan lewe.

Wie is die “ander” wat God reeds in jou wêreld geplaas het?

As ek vir ander leef, wat neem ek na hulle toe?

Nie net my opinie nie.

Nie my godsdiens nie.

Nie my kerk se kultuur nie.